# Tafelberg Disas (Maklik) 2023

| ROETE: | Van Constantianek af en terug | DATUM: | 11 Februarie 2023 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

Altesaam 17 mense het Saterdagoggend om 07:00 by Constantianek bymekaar gekom. Met wysheid agterna kon ons eintlik vroeër begin het, want dit was BAIE warm (34 tot 36 grade Celsius). Ons begin met die “twee stelle trappe” wat ons tot bo by die jeeppad neem. (Die drie mense wat Constantianek met Kloofnek verwar het, het ons by die trappies ingehaal.) Die jeeppad begin met 'n lekker “kuit-rekker”-opdraand tot ons meer gelykpad kry. Gelukkig waai daar 'n afkoel-briesie bo-op die berg. Ons sien 'n hele paar van die skaars blou disas, sommer so langs die pad. Ons stop by die bome by die Woodhead-dam om iets te eet – dankbaar vir die skaduwee. Daarna stap ons oor die Hely-Hutchinson se damwal (die dam is feitlik leeg – dit lyk soos 'n maanlandskap) en op in Disakloof waar ons die eerste disas kry. Die disas is nie so baie soos in die vorige jare nie, maar hulle is groot en pragtig. Dit laat mens elke keer in verwondering staan. Dit laat mens ook dink aan die Oosterse gesegde: “Better to see something once than to hear about it a thousand times.” Ons deel die groep in twee en 13 stap aan akwaduk toe waar hulle nóg disas kry, en toe via Nuweland se afdraai terugstap tot op die jeeppad en met die trappiespad afkom. Die ander vier het via die Woodhead-damwal en jeeppad teruggestap na Constantianek. Die waterkraan by die Overseers’ Hut werk weer en ons was bly dat ons ons waterbottels in die hitte kon volmaak. 'n Paar van ons het agterna by La Parada by Constantianek iets koels gaan drink. Baie dankie aan Beulagh Keulder vir die stapleiding, en aan Brenda Sideratos en Werner Booyens vir die agterstap. Dankie ook aan Amanda Matthee vir die stapreëlings. Stapafstand vir die wat tot by akwaduk geklim het: 16 km, met klimhoogte 669 m. Stapafstand vir die wat in Disakloof omgedraai het: 15 km, met klimhoogte: 569 m.

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Werner Booyens | 2023072 | R 5 | 16 | 669 m klimhoogte |
| Liezel du Plooy | 2023054 | R 5 | 16 | 669 m klimhoogte |
| Ilze Geldenhuys | 2023034 | R 5 | 16 | 669 m klimhoogte |
| Lecia Gerber | 2023033 | R 5 | 16 | 669 m klimhoogte |
| Hannah Jacobs | 2023140 | R 5 | 15 | 569 m klimhoogte |
| Beulagh Keulder | 2023051 | R 5 | 16 | 669 m klimhoogte |
| Amanda Matthee | 2023045 | R 5 | 15 | 569 m klimhoogte |
| Brenda Sideratos | 2023071 | R 5 | 16 | 669 m klimhoogte |
| Christiaan Smuts | 2023088 | R 5 | 16 | 669 m klimhoogte |
| Estelle Smuts | 2023078 | R 5 | 16 | 669 m klimhoogte |
| Michael Smuts | 2023087 | R 5 | 16 | 669 m klimhoogte |
| Arina van Eck | 2023147 | R 5 | 15 | 569 m klimhoogte |
| Arie van Eck | 2023148 | R 5 | 15 | 569 m klimhoogte |
| Anneke van Zyl | Besoeker | R 10 | 16 | 669 m klimhoogte |
| Jimmy van Zyl | Besoeker | R 10 | 16 | 669 m klimhoogte |
| Carine van Zyl | 2023155 | R 5 | 16 | 669 m klimhoogte |
| Elvin van Zyl | 2023156 | R 5 | 16 | 669 m klimhoogte |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **R 95** | **268** | |

| NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN: | |
|---|---|
| ITEMS GEBRUIK: | |

| NAME OP WAGLYS | |
|---|---|
| | |
| | |

| VERSLAG DEUR: | Amanda Matthee |
|---|---|